

Gereformeerde Kerk Bellville – 23 Desember 2018 – Oggend

Sing vooraf staande: Skrifberyming 2-5:1, 2, 3 (35:1, 2, 5)

- 1 O dieptes vol geheimenis / wat vir ons oog onpeilbaar is!
O wysheidsbron en kennis wat / die som van alle dinge^oomvat!
Nog dieper as die hemelrond / is God se oordeel, sonder grond.
En dieper as die diepste seë, / so onnaspeurlik is sy weë.
- 2 Het ooit 'n mens of hemeling / in Gods gedagtes deurgedring?
Of wie is daar so groot van gees, / dat Hy sý raadsman ooit kan wees?
Wie 't eers aan God so^on guns bewys / dat hy van Hom vergelding eis?
Wat is by God, so onvolprese, / die mens dan in sy waarde^oen wese?
- 3 Uit Hom – die Bron van alle goed; / deur Hom – wat alles dra en voed;
tot Hom – die eind van al wat streef, / wat is en word, wat roer en sweef,
tot Hom is alle dinge wat / Hy met een wilsgreep gans omvat,
Aan Hom, die God wat ewig lewe, / sy ewig lof en eer gegewe.

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE
wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe
Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit
die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

Amen.

Loflied: Psalm 105:1, 2 (p. 514)

- 1 Loof, loof die HEER van alle here! / Verhoog sy Naam en gee Hom ere,
en bring sover daar volke is, / sy dae in gedagtenis;
en spreek met aandag en ontsag / van al sy wonders, dag aan dag.
- 2 Laat almal juig met blye galme; / sing voor die HEER jul vreugdepsalme;
beroem jul in sy heil'ge Naam, / Laat almal wat Hom soek, nou saam
hul hart verenig tot sy eer / en hul verlustig in die HEER.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 119:18, 19 (p. 590)

- 18 Aan u Naam is ek gedagtig / in my soetste mymery,
as ek uitrus op by bedstee / en die nag die aarde oorsprei.
Is 't 'n wonder? Nee, geen wonder, want te doen na u gebod
is my hoogste lewens weelde / en op aard' my hoogste lot.
- 1 HEER, U is my deel op aarde, / en u woord is my die skat
- 9 wat U aan my toebetrou het / op die lange pelgrimspad.
'k Het voor U my hart geheellik / in my smeking uitgestort.
Maak my dan u guns deelagtig, / laat u woorde waarheid word.

Gebed

Psalm 118:11, 12 (p. 579)

- 11 Die steen waaraan die tempelbouers / veragt'lik het 'n plek ontsê,
is voor die oog van die beskouers / deur God as hoeksteen neergelê.
Die werk van godd'like alvermoë / is van God self geskied, deur wie
die wonder oprys voor ons oë; / ons sien dit, maar deurgrond dit nie.

12 Dit is die dag deur God verkore, / die feesdag aan Hom toegewy.
Laat ons, met psalms uit vreug gebore, / ons in die God van heil verbly.
Ag, HEER, gee nou u seëninge; / gee voorspoed, HEER, op hierdie dag –
dit is die dag van grote dinge, / die gloriëteken van u mag.

Skriflesing: Matteus 2:1-12

Kernverse: Matteus 2:1-2

En toe Jesus te Betlehem in Judéa gebore is, in die dae van koning Herodes, het daar wyse manne uit die Ooste in Jerusalem aangekom en gesê: Waar is die Koning van die Jode, wat gebore is? Want ons het sy ster in die Ooste gesien en gekom om Hom hulde te bewys.

(Matteus 2:1-2 AFR53)

Tema: Hoe weet jy of jy wys is?

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, naas die verlossing deur Jesus Christus is wysheid verseker een van die grootste gawes wat 'n mens van die Here kan ontvang. Wysheid is anders as om geleerd of slim te wees. Om slim of geleerd te wees is om iets te kan leer en vinnig te verstaan. Jy beny jou skoolmaats wat maklik die wiskunde of een van die ander vakke in die skool kan snap. Hulle kry dit reg om vakke wat vir jou moeilik is maklik te leer en in 'n eksamen weer te gee. Hulle kan selfs die kennis wat hulle geleer het ook toepas.

'n Wyse mens is iemand wat die kennis en geleerdheid van allerhande dinge so kan gebruik dat hy God daarmee verheerlik en ander mense daarmee dien. Iemand wat net slim en geleerd is, gebruik sy geleerdheid dikwels net ter wille van homself of hoogstens ter wille van ander mense. Dit is net 'n wyse mens wat weet dat hy deur sy doen en late God moet verheerlik en sy naaste dien.

In Matteus 2 ontmoet ons wyse manne uit die Ooste. Aanvanklik sal 'n mens sê dat hulle wyse manne genoem word oor wat hulle in die Ooste gedoen het – hulle is raadgewers. Van waar presies in die Ooste hulle kom, weet ons nie. In die boek Daniël word dieselfde Griekse woord gebruik wanneer daar gepraat word van die raadgewers van die Babiloniese koning (Dan 2:27). Hulle het astrologie bestudeer en daaruit afleidings gemaak oor dinge wat in die toekoms van 'n land of in iemand se lewe sal gebeur.

Dit is moontlik dat die Jode wat na die ballingskap nog daar gewoon het, gepraat het van die beloofde Messias en die geleerdes van Babilonië het daarvan gehoor. Dit is ook moontlik dat die geleerdes van Babilonië die geskrifte van Daniël gelees het, aangesien hy so hoog aangeskryf was deur die konings van Babilonië en Persië. Op een of ander manier het die wyse manne uit die Ooste geweet van die Koning van die Jode wat gebore sal word. En deur middel van 'n besondere ster het die Here aan hulle geopenbaar dat die Koning van die Jode gebore is.

Die Here openbaar nie watter ster Hy gebruik het om die manne uit die Ooste na Jerusalem te lok nie. Wat belangrik is, is om op te merk dat hierdie manne uit die Ooste in beweging gekom het toe God hulle die lig gegee het, en hulle het na Jesus gaan soek. Hulle sê baie duidelik hoekom hulle Jesus wil besoek – hulle wil hulde aan Hom bewys.

Broers, susters en kinders, ons moet geensins dink dat hierdie manne uit die Ooste bloot op eie insig die hele pad van die Ooste af afgelê het om na die Koning wat gebore is te gaan soek nie. Niemand soek die Here uit sy eie nie (Rom 3:11). Indien daar ooit iemand was wat op sy eie insig by die Here kon uitkom, sou hy homself in trotsheid verhef – nie

net teenoor ander mense nie, maar selfs teenoor die Here. Die Here gaan nie toelaat dat die mens die eer wat Hom toekom van Hom beroof nie.

Die Here regeer oor die bane van die planete en sterre in die hemele. Hy het die manne uit die Ooste met 'n besondere ster na Jerusalem gelok – 'n ster wat hulle met die geboorte van die Koning verbind het. Met 'n ster trek die Here heidense mense uit die Ooste na sy Seun toe wat mens geword het. In die tussentyd het die geboorte van die Koning so te sê onder die neuse van die Jode gebeur, maar hulle merk dit nie eers op nie.

Ons moet ook nie dink dat astrologie maar reg is omdat die Here in hierdie geval 'n besondere ster gebruik het om hierdie manne uit die Ooste na Jerusalem te lok nie. Van al die kere wat God mense na Hom toe roep, is hierdie die enigste keer wat die Here 'n ster gebruik het om dit te doen. Daarom moet ek en jy nie dink dat sterre of hemelliggame 'n invloed op mense se lewens het nie. Dit is bygelowigheid en die Here waarsku ons om weg te bly van sulke goed.

Die Here het 'n manier gebruik om hierdie manne uit die Ooste te roep wat hulle baie goed sou verstaan het. Dit is een ding van die Here – alhoewel Hy so hoog verhewe is, buig Hy altyd laag genoeg tot in die wêreld van mense in om hulle na Hom toe te roep. Kyk net hoe laag buig Hy Hom ook vanoggend in ons wêreld in. Hy praat met ons in ons moedertaal sodat ons kan hoor dat Hy ons na Hom toe roep. Die vraag is: Hoe gaan ek en jy op die roepstem van die Here reageer? Die dwaas se reaksie is om te sê dat daar geen God is nie (Ps 14:1). Maar die wyse mens, hoe reageer 'n wyse mens?

God het hierdie manne in die Ooste gesoek – Hy het hulle met die besondere ster geroep, maar hulle moes nog steeds reageer op die roepstem van die Here. Hulle moes die Koning wat gebore is gaan soek. Dit was nie so 'n maklike proses nie.

Hulle moes duisende kilometers aflê om in die land van die Jode te kom. Indien hulle raadgewers van die koning in hulle land was, was hulle gewoon aan 'n lewe van luuksheid en weelde. Al daardie gemak moes hulle prysgee en agterlaat om op die roepstem van die Here te reageer. Die ongerief van 'n lang reis was nie die enigste ding wat hulle antwoord op die Here se roepstem bemoeilik het nie. Toe hulle uiteindelik in Jerusalem aangekom het, het hulle gesukkel om aanwysings na die regte plek te kry.

Iemand sal kan vra: Waarom het die manne uit die Ooste al hierdie moeite gedoen om die Koning wat gebore is te soek? Hulle kon tog seker nie dink dat hulle 'n werksaanbod van Hom sal ontvang nie. Hulle kon buitendien nie eers met Hom praat nie, want Hy was nog nie twee jaar oud nie. En dit was nog lank voordat Jesus met sy openbare werk as Verlosser sou begin het. Nee, hierdie wyse manne sê self dat hulle nie gekom het om iets te kry nie, maar om iets aan die Koning te gee – hulle het gekom om hulde aan die Koning te bewys.

Wanneer die Here 'n mens soek en roep, moet 'n mens alles doen wat nodig is om die Here te soek. Wanneer die Here jou vandag met die evangelie van Jesus Christus roep, moet jy glo dat Jesus jou Verlosser is. Weet verseker dat wanneer jy op die Here se roepstem gaan reageer, gaan dit nie 'n pad sonder struikelblokke wees nie. Maar vra maar vir elkeen wat al deur Jesus Christus by God uitgekom het en hulle sal jou vertel dat al die moeilikheid wat hulle al gehad het die moeite werd was.

Om God in en deur Jesus Christus as jou Vader te leer ken oortref al die weelde van die wêreld. Hy is immers die God wat elke belofte wat Hy maak laat waar word. Om Jesus

Christus te leer ken as die enigste Verlosser oortref alles in waarde, want jy kan niks gee of doen om jou eie lewe van die dood te red nie. Jesus Christus se dood en opstanding is die volle betaling van 'n mens se sondeskuld en daarby kry jy deur die geloof ook nog die nuwe lewe. Maar as jy die Here soek omdat iemand jou wysgemaak het dat jy nooit weer sal swaarkry nie, maak jy 'n fout. 'n Mens soek nie die Here om 'n sorgvrye lewe op aarde te hê nie, want die Here is nie die mens se slaaf nie. Hy roep die mens omdat Hy God is wat gedien moet word.

Op die pad wat God hierdie manne uit die Ooste getrek het, het hulle ook met mense te doen gekry wat geensins belangstel in die Koning wat gebore is nie. Dink jouself die teleurstelling in wat hierdie manne gehad het. Hier kom hulle al die pad en na wie weet hoeveel weke in Jerusalem aan. Hulle vra rond onder die inwoners van Jerusalem maar niemand weet waar die Koning van die Jode gebore is nie. 'n Mens sou verwag dat die hele stad van opgewondenheid in beroering sou wees, maar dit lyk asof daar absoluut niks besonders gebeur het nie. Alles gaan normaal voort soos die vorige dae.

Toe die vraag van die manne uit die Ooste die paleis van koning Herodes bereik het, het daar 'n onrustigheid gekom. Almal in Jerusalem weet dat Herodes geen mededinger om die troon duld nie. Hy het al wie weet hoeveel van sy eie familie vermoor net omdat hy vermoed het dat hulle sy plek as koning wil inneem. Hoewel Herodes ontsteld was oor die berig van die Koning wat gebore is, het hy geweet by wie om aan te klopp vir die regte adres – die priesters en skrifgeleerdes.

Om die woede van Herodes vry te spring het hulle baie gou gaan naslaan waar die beloofde Koning gebore sal word. En sonder versuim het hulle die antwoord gebring. Die profeet Miga het duidelik geprofeteer dat die leidsman vir die volk uit Betlehem sal kom en hy sal ook die volk se herder wees. Alhoewel die kerklike leiers die regte adres kan gee en weet van wie in daardie profesie gepraat word, stel hulle ook nie belang om saam te gaan na Betlehem nie. Herodes is die enigste een wat belangstel in die Koning wat gebore is, maar om 'n heel ander rede as die manne uit die Ooste. Herodes stel belang omdat hy agterdogtig is.

Wanneer die Heilige Gees die wysheid in jou werk om die Here Jesus beter te leer ken, moet jy nie verbaas wees as daar mense is wat nie so opgewonde as jy is oor Jesus nie. Party mense sal jou aankyk of jy gek geword het. Ander sal net belangstel om te sien hoe jy gaan lewe sodat hulle jou kan kritiseer. Moet ook nie verbaas wees as jy mense teëkom wat sê dat hulle al lankal Christene is, maar dit lyk asof Christus hulle nie meer opgewonde maak nie. Die ywer brand nie meer in hulle om hardop te getuig of te sing van die Here nie. 'n Wyse mens laat nie toe dat die flou reaksie of gebrek aan reaksie oor Jesus hom daarvan weerhou om nog meer van die Here Jesus te leer nie.

Die argelose houding van die mense in Jerusalem was nie die enigste teleurstelling waarmee die manne uit die Ooste te doen gekry het nie. Indien hierdie manne raadgewers vir die koning van Babilonië was, sou hulle vir hulleself 'n prentjie kon vorm van wat om te verwag om te kry waar die Koning van die Jode gebore is. Hulle sal hom tog seker in 'n paleis kry met die weelde van die wêreld rondom Hom en 'n rits bediendes wat gereed staan om Hom te bedien. Daarom is hulle na Jerusalem toe, want dit is tog die hoofstad van die Joodse land. Uiteindelik kom hulle in die paleis van Herodes en sien al die weelde daar en dit versterk die prentjie wat hulle vir hulleself moontlik gevorm het.

Maar wat het hulle gevind? Toe hulle van Jerusalem af vertrek na Betlehem toe het die Here weer die ster gebruik om hulle te bring tot by die plek waar sy Seun is wat mens

geword het. Josef en Maria was met Jesus nou nie meer in die stal nie. Hulle het in 'n huis ingetrek. Die manne uit die Ooste vind die Koning wat gebore is nie in 'n paleis nie, maar in 'n gewone huis en die mense by Hom is nie 'n rits bediendes nie, maar gewone werkersklasmense. Daar was niks koninkliks aan die plek of die mense by Jesus nie. Om die waarheid te sê daar was ook niks wat aan die Kindjie wat enigsins 'n aanduiding was dat Hy die Koning is of dat Hy Goddelik is nie.

En tog, toe die wyse manne in die huis ingegaan het en die Kindjie by Maria sy moeder gevind het, het hulle sonder enige versuim neergeval en Hom hulde bewys. Iets wat hulle nie by Herodes gedoen het nie. Deur die ster het die Here die wyse manne verseker dat hulle by die regte plek is en die Kindjie wat hulle gevind het die Koning is wat gebore is.

Hoe anders was dit met so baie Jode? Hulle het ook vir hulleself 'n beeld gevorm van die beloofde Messias, maar toe hulle Jesus ontmoet, het wat hulle gesien het nie met hulle prentjie geklop nie en hulle het Jesus verwerp. Miskien het jy ook in jou gedagtes 'n prentjie gevorm en gedink dat as jy Jesus gaan begin dien, gaan al jou moeilikhede soos mis voor die son verdwyn. Maar dit het nie so gebeur nie. Jy het van oraloor net meer teenkanting beleef, veral van die wêreld wat nie voor die gesag van Jesus as Koning wil buig nie.

Of miskien het jy deur ander mense se praatjies gedink dat Jesus net liefde en goedheid is. Maar toe hoor jy dat Hy ook met gesag regeer en Hy het bepaalde reëls en voorskrifte in sy koninkryk. Moenie dat hierdie dinge wat jou lugkasteel oor Jesus laat bars het jou ontmoedig nie. Glo die openbaring van die Here soos wat jy dit in sy Woord lees. Wat die Here van Homself in hierdie Woord openbaar is die volle waarheid.

Geliefde broer, suster en kind, is ek en jy al wyse mense? Miskien wonder jy vanoggend of jy regtig 'n wyse mens is nadat jy gehoor het wat hierdie wyse manne gedoen het. Maar dink so daaroor – dit is nie jy wat begin het om die Here te soek nie. Hy het jou begin soek en Hy het beskik dat jy vanoggend in hierdie erediens is waar Hy tot in jou wêreld buig om met jou te praat. Indien die Heilige Gees jou met die Woord van die Here in die hart aanraak en jy besef vir die eerste keer of opnuut dat die Here jou roep, moenie stilsit nie. Dit is 'n dwaas wat omdraai en sê daar is geen God nie. Die wyse mens doen alles wat nodig is, al agter die Heilige Gees aan, om Jesus Christus en sy Vader beter leer ken. Weet dat daar struikelblokke sal wees, mense wat jou wil ontmoedig en dinge wat jou gaan teleurstel. Moenie opgee oor hierdie dinge nie. Hou vas aan die vaste Woord van die Here en volg die Heilige Gees soos wat Hy jou lei om al nader aan Jesus as jou Koning te leef.

Amen!

Gebed

Slotpsalm 89:6, 7 (p. 445)

- 6 Hoe salig is die volk wat luister na u woord, / hul wandel in die lig wat van U afstraal, voort.
Hul sal hul in u diens, waaraan hul toegewy is, / die ganse dag verheug, omdat hul in U bly is;
hul prys u grote krag wat alle krag oortref het, / en u geregtigheid wat hul weer opgehef het.
- 7 U tog, U is hul roem, hul sieraad en hul prag, / wat hul beklee met sterkte^{en} onverwinb're mag.
Uit vrye guns alleen, uit eewige mededoë, / hef ons die hoof omhoog, weer sterk deur Gods vermoë.
Want God is ons 'n skild, die weerkrag van ons lewe; / en onse Koning is deur Isr'els God gewewe.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

**Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
23 Desember 2018**